



Kerngedagte: Die Colosseum word as een van die 7 Wonders van die Wêreld beskou. Dit is die grootste amfiteater in die wêreld met sitplek vir 50 000 mense. Toeskouers kon verniet ingaan by die Colosseum om die vreeslikste gevegte te sien en eintlik was die Colosseum 'n plek van dood. Gladiator vegters het teen mekaar baklei tot die dood toe. Daar was selfs gevegte waar daar oor die duisend diere wreed gejag en doodgemaak is in een dag! Wanneer die geveg tot 'n einde kom, kon die toeskouers besluit of die verloorder in genade gespaar sou word en of hy net daar doodgemaak moes word. Die Keiser het dan die finale beslissing gegee en die toeskouers se besluit is uitgevoer. Die gedrag herinner ons aan Pilatus wat ook ingegee het vir die toeskouers en beveel het dat Jesus gekruisig moes word. Dit is moeilik om nie ontsteld of kwaad te word vir die gedrag van die Romeine wanneer ons aan hierdie dinge dink nie. Ons sukkel om hulle te vergewe omdat hulle so wreed was, veral toe hulle vir Jesus laat kruisig het. Jesus het egter vir ons kom wys wie die werklike skuldiges is. Hy het die volle prys betaal sodat ons vrygemaak kan word van ons sonde wat van ons gevangenes maak. Beide die Colosseum en die kruis se betekenis is eintlik 'n plek van dood. Jesus se liefde vir ons het egter die betekenis van die kruis heeltemal kom verander.

Doelwit: Kinders gaan kyk na die gedeelte in Matteus waar Jesus voor Pilatus uitgelewer word om weer 'n nuwe betekenis van Sy genade te ontvang. Kinders gaan die geleentheid kry om hul harte vir Jesus te gee, of 'n nuwe toewyding tot Hom te maak.

Sleuteltjeks: Romeine 10:8-13, Romeine 10:14-15, Romeine 8:13-17, Kolossense 1:13-14

Bybelverhaal: Jesus word aan Pilatus uitgelewer - Matteus 27:1-44, Lukas 23:34

Opsomming:

Die Colosseum word as een van die 7 wonders van die wêreld beskou. Dit is die grootste amfiteater in die wêreld met sitplek vir 50 000 mense. Toeskouers kon verniet ingaan by die Colosseum om die vreeslikste gevegte te sien en eintlik was die Colosseum 'n plek van dood. Gladiator vegters het teen mekaar baklei tot die dood toe. Daar was selfs gevegte waar daar oor die duisend diere wreed gejag en doodgemaak is in een dag! Wanneer die geveg tot 'n einde kom, kon die toeskouers besluit of die verloorder in genade gespaar sou word en of hy net daar doodgemaak moes word. Die Keiser het dan die finale beslissing gegee en die toeskouers se besluit is uitgevoer. Die gedrag herinner ons aan Pilatus wat ook ingegee het vir die toeskouers en beveel het dat Jesus gekruisig moes word. Dit is moeilik om nie ontsteld

of kwaad te word vir die gedrag van die Romeine wanneer ons aan hierdie dinge dink nie. Ons sukkel om hulle te vergewe omdat hulle so wreed was, veral toe hulle vir Jesus laat kruisig het. Jesus het egter vir ons kom wys wie die werklike skuldiges is. Hy het die volle prys betaal sodat ons vrygemaak kan word van ons sonde wat van ons gevangenes maak. Beide die Colosseum en die kruis se betekenis is eintlik 'n plek van dood. Jesus se liefde vir ons het egter die betekenis van die kruis heeltemal kom verander.

Wanneer mens die wrede dinge hoor wat die Romeine in die Colosseum aangevang het, kan 'n mens kan nie help om terug te dink aan toe Jesus voor Pilatus verskyn het nie. Dit was tog ook die Romeine wat tydens Jesus se verhoor in beheer was. Toe Jesus voor Pilatus verskyn het, het Pilatus gesien dat Jesus onskuldig is. Selfs Pilatus se vrou het vir hom 'n boodskap laat stuur om te sê dat hy niks te doen moet hê wat met Jesus gebeur nie, want sy het 'n verskriklike droom oor Jesus gehad. Pilatus was verbaas dat Jesus niks gesê het oor al die nare dinge waarvan Hy beskuldig is nie. Omdat Jesus nie terugbakei het vir sy vryheid nie, het Pilatus aan 'n ander plan gedink om die situasie maklik op te los. Hy het vir die skare gevra of hulle vir Jesus Christus wil vrylaat en of hulle vir Jesus Barabbas, 'n gevangene wat verdien het om gestraf te word wil vrylaat.

Weereens was goewerneur Pilatus verstom oor die mense se reaksie. "Kruisig Hom!" Kruisig vir Jesus Christus en laat Barabbas die gevange vry. Pilatus het 'n bak met water geneem en sy hande voor die skare gewas. Hy het dit gedoen om vir hulle te wys dat hy onskuldig is in die besluit wat hier gemaak is. Die skare het gejuig. "Laat die skuld vir Sy bloed op ons en ons kinders rus." Hierdie woorde bring skoon tranes in ons oë. As die mense maar net geweet het wat hulle daar sê. Ons sou ook graag soos Pilatus ons hande wou was en besluit dat ons onskuldig is en niks met die dood van Jesus te doen het nie. Kinders van Jesus weet egter dat ons ook soos die skare kan sê dat Sy bloed oor ons en ons kinders rus, maar vir ons het dit 'n hele ander betekenis. Deur Sy bonatuurlike genade en liefde vir ons, het Jesus Sy wrede dood and die kruis gebruik om elke skuldige mens op aarde vry te maak van die sonde wat ons gevangenes maak. Die gedagte dat Jesus aan die kruis gehang het vir jou sonde en dat Hy ter wille van jou al die pyn verduur het, het jou tot op jou knieë voor Hom gebring. Hy het jou opgetel, 'n kroon op jou kop gesit en jou 'n Koningskind gemaak.

Ons kan eenvoudig nie toelaat dat die verhaal van Jesus se kruisiging iets is waaraan ons gewoon raak nie. Hoe is dit moontlik dat ons na die Colosseum kan kyk en kwaad word oor al die verkeerde dinge wat daar gebeur het, maar ons kyk na die Kruis en sien net Jesus se liefde vir ons raak? As 'n mens mooi daaroor dink, behoort ons mos eintlik dieselfde gevoelens te deel wanneer ons na die twee dinge kyk. Tog wanneer ons die kruis sien, ervaar Jesus se oorweldigende genade en besef ons net weer hoe ons vrygemaak is van 'n ewige dood. As jy nog nie werklik besef het wat Jesus vir jou gedoen het aan die kruis nie, kan jy nie langer soos Pilatus jou hande was en jouself onskuldig maak van Jesus se kruisdood nie. Jy kan vandag nog Sy bloed op jou laat rus, as jy besef wat daardie woorde werklik beteken. Jy kan vandag nog die vergifnis van sonde waarvoor Hy met Sy bloed betaal het vir jou vat. Wanneer jy kies om skuldig te wees aan Jesus se Kruisdood, ontvang jy ook Sy Verlossing. Jou sonde het van jou ook 'n plek van dood gemaak. Sonder Jesus is daar geen hoop dat jy ooit van jou sonde kan loskom nie. Hy het dit besef en in Sy groot liefde vir jou, het Hy die skuld wat op jou was op Homself geneem. Hy is doo din jou plek, sodat jy die Ewige Lewe kan hê! Dankie Jesus!

Opening:

Welkom by die Kleuterkerk!

Kom ons dans:

Speel die video waar Annerie die kleuters laat strek en 'n liedjie laat dans met sy bewegings.

Maats ons het nou so lekker op die lugballon gereis saam met Tannie Mossie, maar my bene is nou so styf gesit, ons sal eers moet strek om die litte los te kry.

Video les:

Julle sal my nie glo nie, maar dit klink vir my of Tannie Mossie op 'n avontuur gaan in 'n lugballon. Wie van julle wil ook graag in 'n lugballon vlieg? Kom ons vryf bietjie ons luisterore op (Annette sal voor die diens demonstreer)...laat ek bietjie sien. Ja, perfek! Nou toe, kom ons kyk waarheen gaan Tannie Mossie vandag.

Speel die kleuterkerk video lessie

Sjoe, dit was omtrent 'n groot avontuur. Ek dink julle is seker nou lam gesit na ons so vêr gevlieg het. Kom ons doen eers 'n paar strek oefeninge: (Annette sal demonstreer voor die tyd)

1. Maats kom ons lig bietjie ons regter been op en sit ons linkerhand bo-op ons knie. Kom ons doen dit gou drie keer tel saam met my 1...2....3. Kom ons doen gou die ander kant dan gebruik ons ons linker knie en ons regterarm 1...2...3.
2. Pragtig! Laaste oefening, Strek jou arms uit soos Jesus aan die kruis en beweeg dit nou oor mekaar nader na jou lyfie toe om vir jouself 'n stywe stywe druk te gee...sê saam met my **"Jesus is lief vir jou!"**

Pragtig, sit gou maats dan gesels ons verder.

Grootgroep aanbieding:

Maats ek hou nie van die plek waar Tannie Mossie vandag by was nie. Hulle het mense en diere seergemaak daar. As ek die plek sien dan dink ek aan die plek waar hulle vir Jesus seergemaak het toe hulle Hom aan die kruis gehang het. Wie van julle weet wat is daardie plek se naam? (*Laat kleuters toe om te reageer*) Die plek se naam is Golgota, sê bietjie Golgota. Ja, dit is 'n baie hartseer plek want daar het hulle vir Jesus baie seergemaak.

Gelukkig hoef ons nie meer hartseer te word as ons aan die twee plekke dink nie. Hulle maak nie meer mense en diere seer by die Colosseum nie (*wys prentjie van Colosseum*). Daar word vandag die mooiste musiek konserte daar gehou (*Wys*

prentjie van musiek konsert). Maatjies weet julle wat nog, ons hoef ook nie hartseer te wees oor Golgota nie (*wys 'n prentjie van Golgota*). Hoekom hoef ons nie hartseer te wees nie maatjies? (*Laat kleuters toe om te reageer*) Julle is reg ja! Want Jesus het opgestaan, Hy leef! (*wys prentjie van leë graf*)

Maatjies, weet julle dalk hoekom Jesus aan die kruis gesterf het? (*Laat kleuters reageer*) Ja, julle is reg. Jesus het gesien dat mense baie sonde doen. Die sonde wat mense doen maak hulle sommer baie vuil (druk jou hande in die bak met vingerverf wat voorsien sal word). En weet julle wat? Dit is nie net ek wat sonde doen nie, maar elke mens op aarde doen sonde en maak hulle harte vuil (*laat elke helper ook hulle hande in die vingerverf indruk*) Siesa kyk net hoe vuil is ons hande! Maatjies, sonde maak ons hartjies baie meer vuil as wat ons hande nou vuil is. Kan ons met sulke vuil hande vir iemand 'n drukkie gee? (*laat kleuters reageer*) Hoekom nie? Kan ons Bybel lees met sulke vuil hande (*Laat kleuters toe mom te reageer*) Nou hoekom nie? Wat kan ek dan doen met hierdie vuil hande? (*Laat kleuters toe om te reageer*)

(Sien die groot kruis plakkaat raak) Aha ek weet wat ons kan doen – (*Elkeen vee hul hande af aan die groot wit kruis papier*)

Haai, dis eintlik nou so mooi kunswerk weet jy. Kyk net hoe mooi is die kruis nou. Sjoë, maats weet julle wat kom ek nou agter. Jesus het so mooi ding vir ons kom doen. Hy het kom betaal vir ons lelike sonde, sodat elkeen wat vir Jesus as hulle koning kies, skoon kan word van sonde. Wow, spring gou op dan sê julle saam met my:

Sonde maak my vuil, (*wys palms na vorentoe*)

maar nou is ek skoon. (*draai hande in die rondte*)

Ek kies dat Jesus (*Hou arms oop soos kruis*)

In my woon (*plaas beide hande op hart*)

Pragtig! Maatjies, is dit nie wonderlik om te weet ons hoef nie met harte rond te loop wat vuil is van sonde nie! Nee, Jesus was ons hartjies skoon, want Hy het aan die kruis vir ons lelik sonde betaal. Kom ons sê weer saam wat ons geleer het:

Sonde maak my vuil, (*wys palms na vorentoe*)

maar nou is ek skoon. (*draai hande in die rondte*)

Ek kies dat Jesus (*Hou arms oop soos kruis*)

In my woon (*plaas beide hande op hart*)

WOW dankie Jesus! Maatjies ek het 'n briljante plan! Kom ons maak ook ons hande lekker vuil met vingerverf en dan maak ons ook so kruis om vir mamma en pappa by die huis te gaan wys. Dan kan ons mos vir hulle vertel dat hulle nie hoef rond te loop met hartjie swat vuil is van sonde nie. Wat kan hulle doen met die sonde wat hulle harte vuilmaak (*laat kleuters toe om te reageer*) Julle is reg ja! Kom ons sê 'n laaste keer wat ons geleer het en dan gaan maak ons vir ons ook so kruis!

Sonde maak my vuil, (*wys palms na vorentoe*)

maar nou is ek skoon. (*draai hande in die rondte*)

Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis)

In my woon (plaas beide hande op hart)

Kleingroep Aktiviteit: **Maak jou hande vuil.**

Maats, kom ons maak iets spesiaal om na te dink oor vandag se les.

1. Deel vir die kinders die volgende items uit:
 1. 'n Kruis aktiwiteitsvel
2. Elke kind gaan hul kruis versier met hul eie vingerafdrukke met vingerverf. Daar sal genoeg wetwipes wees en die vingerverf vlek glad nie kleren nie en kan geëet word ook ☺
3. Terwyl die kinders aan hul kunswerke werk, gesels met hulle oor die volgende vrae:
 2. Wat was die plek se naam waar Jesus nou weer gekruisig is?
 3. Waarom is Jesus gekruisig?
 4. Hoekom hoef ons nie meer hartseer te wees oor Golgota nie?
 5. Wat gebeur met ons hartjies as ons sonde doen?
 6. Hoe kan ons ons harte skoonmaak van sonde?

Vastrap Vasteland Versamelstukkies:


Kinders gaan weekliks 'n versamelstukkies maak om hul aan die kosbare boodskap van die week te herinner. Moedig die kinders aan om hierdie versamelstukkies op 'n spesiale plek in die huis te plaas, of elke week vir iemand te gee. Dit is belangrik om die kinders aan te moedig om weekliks die boodskap met iemand te deel.


Instrukties:

1. Deel vir elke kind 'n roomys stokkie uit
2. Sny die prentjies van die wêreld landmerke los vanmekaar en deel vir elke kind een uit
3. Sny die boodskap vir die dag strokies los van mekaar en gee vir elke kind 'n strokie
4. Kinders gaan nou die landmerk en die boodskap stokie versier en dan op die roomys stokkie plak.
5. Deel vir elke kind 'n aktiwiteitsvel en 'n inkleurvel uit. Indien daar tyd oor is, kan julle as klas begin met die aktiwiteitsvel. Moedig kinders aan om die aktiwiteitsvel saam met hul gesinne by die huis te voltooi.

06 Maart 2022

Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe)
maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte)
Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis)
In my woon (plaas beide hande op hart)






Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)	Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)
Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)	Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)
Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)	Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)
Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)	Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)
Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)	Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) maar nou is ek skoon. (draai hande in die rondte) Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) In my woon (plaas beide hande op hart)



Naam:



Vastrap Vasteland

Episode 8:
Die Colosseum




Vastrap, raaktrap in geloof elke tree,
Om my allerbeste vir Jesus te gee.
Kom sweef oor die wêreld heen en weer,
Saam gaan ons meer van Jesus leer.



Vandag het ons die *Colosseum* in
Rome in Italië besoek.

Vastrap Feit:

Die Colosseum word as een van die Sewe Wonders van die Wêreld beskou. Dit is die grootste amfiteater in die wêreld met sitplek vir 50 000 mense. Toeskouers kon verniet ingaan by die Colosseum om die vreeslikste gevegte te sien en eintlik was die Colosseum 'n plek van dood. Vandag word daar die mooiste konserte gehou. Golgota was ook eers 'n plek van dood. Vandag weet ons dat Jesus in ons plek betaal het vir ons sonde, om vir ons lewe te gee.




Deur Jesus se liefde vir ons verander Hy 'n plek van dood in 'n plek van Lewe

Sonde maak my vuil, (wys palms na vorentoe) **maar nou is ek skoon**. (draai hande in die rondte)

Ek kies dat Jesus (Hou arms oop soos kruis) **In my woon** (plaas beide hande op hart)

Vastrap Dappertrappers se Verkenningstog:

Knap gedaan Vastrap Dappertrappers!



Julle het sowaar raakgetrap in julle verkenningstog op vandag se reis. Gaan verken nou julle gedagtes nóg verder, deur met julle familie te gesels oor wat julle geleer het. Saam kan julle vastrap en 'n groot tree in geloof gee:

Verken julle gedagtes:

1. Wat was die plek se naam waar Jesus nou weer gekruisig is?
2. Waarom is Jesus gekruisig?
3. Hoekom hoef ons nie meer hartseer te wees oor Golgota nie?
4. Wat gebeur met ons hartjies as ons sonde doen?
5. Hoe kan ons ons harte skoonmaak van sonde?

Klaar gebou, so wat nou?

Dink saam as gesin aan 1 nuwe bousteen wat julle graag in julle gesin se manier van dinge doen wil inbou. Onthou, as boustene spesifiek, meetbaar, haalbaar en realisties is, dan is dit vir ons makliker om te weet of ons dit reggekry het om die bousteen werklik in te bou.

Vir hierdie hele week gaan ons:

.....
.....